# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**19 Februarie 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS


**Voor die erediens:**

**Afkondigings**
**Stilte**




**Erediens:**

**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Lied 203:1,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing:** Psalm 86-1:1,2,3



**Gebed**
**Skriflesing:** Psalm 51
**Fokus:** Matteus 6:12 en Heidelbergse Kategismus Sondag 51
**Preek:** **Tema:** *Vergeef ons ons skulde.*
**Sing:** Psalm 32-1:1,3
**Nagmaal**
(Sing terwyl tafel in gereedheid gebring word; Psalm 65-1:2)
(Sing na elke tafel; Psalm 116-1)



**Sing:** Lied 513:1,3
**Skriflesing:** Efesiërs 6:10-20
**Fokus:** Matteus 6:13a en Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 127.
**Preek:** **Tema:** *Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*
**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**



**Sing:** Skrifberyming 10-1:1,2,3,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3

Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaatsversorging.

**DIENSBEURT:**



Vandag: Wyk 6
26 Februarie: Wyk 7
5 Maart: Wyk 8

**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**



Aangesien ons vandag weer 'n gemeente-ete na nagmaal het, is daar nie vandag tee en koffie na die erediens nie.

**KATKISASIE:**

Weens Nagmaal is daar nie vandag katkisasie nie. Die volgende katkisasie is volgende Sondag, 5 Maart 2023.

**VLAMVATSPAN BYEENKOMS – DINSDAG 21 FEBRUARIE:**

Die Vlamvatspan kom Dinsdag 21 Februarie om 18:00 by die kerkgebou byeen.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 25 Februarie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 19 Februarie | Esté Schepers | 083 753 1955 |
| 19 Februarie | Eckhard van der Walt | 083 273 4739 |
| 21 Februarie | Andries van Zyl | 071 642 4007 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Br. Werner Thieroff (072 724 8658) se pa is Maandag oorlede. Ons innige simpatie aan hom, sy vrou Maryna en hulle familie.
- Daar is effense beterskap by sr. René van der Walt (083 309 9519). Sy is egter nog baie siek en steeds in Bloemfontein Medi-Clinic. Dit lyk of haar herstel 'n lang proses gaan wees. Ons vra steeds voorbidding vir haar en br. Wallie (083 635 3727).
- Br. Kobus Spruew (082 447 8165) se rugoperasie het goed afgeloop. Hy het net baie pyn. Ons vra voorbidding vir die herstelproses wat voorlê.
- Met die voltooiing van die nuusbrief het ons nog nie verneem wat die uitslag van br. Piet van der Linde (073 225 4632) se besoek by die dokter was nie. Ons vra voorbidding vir hom, aangesien hy heel waarskynlik in die komende week 'n operasie sal moet ondergaan om sy galblaas te verwyder.
- Dit gebeur steeds dat lidmate Covid opdoen, soos in die geval van sr Marthie van der Schyff (072 336 4266) verlede week. Ons bid almal wat Covid en ander siektes soos griep en verkoue het, spoedige beterskap toe.

- Br. Flip Kotze (083 388 0249) sal moontlik ’n operasie aan sy voet moet ondergaan. Hy gaan Dinsdag die ortopeed daaroor sien. Ons dink in ons gebede aan hom.
- Sr. Susan Murray (072 444 8272) wat drie keer per week dialise kry, was in die hospitaal sodat ’n nuwe lyn vir die dialise ingesit kon word. Ons is dankbaar dat dit suksesvol was. Ons vra voorbidding vir haar.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.
- Baie geluk aan sr. Ansa du Toit (083 280 3275) met die troue van haar seun, Ruan, op Saterdag 18 Februarie. Baie geluk ook aan Ruan se oupa en ouma, br. Sias en sr. Ria Knoesen (084 577 7707).

# Efesiërs 6:10-20

10 Ten slotte: Vind jou sterkte in die Here en in sy geweldige krag. 11 Trek
die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die
listighede van die Duiwel. 12 Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en
bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreld-
heersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim. 13
Neem daarom die volle wapenrusting van God op, sodat julle op die dag
van onheil weerstand kan bied en, nadat julle alles uitgevoer het, staande
kan bly. 14 Staan dan vas, deur julle heupe te omgord met die waarheid,
julle te bedek met die borsplaat van geregtigheid, 15 en deur die bereid-
heid vir die evangelie van vrede as skoene aan julle voete aan te trek, 16
en by dit alles die skild van die geloof op te neem, waardeur julle in staat
sal wees om al die vurige pyle van die Bose te blus. 17 Dra ook die helm
van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God. 18
By elke geleentheid wanneer julle bid en smeek, moet julle telkens deur
die Gees bid. Daarom moet julle waaksaam wees, deur volhardend te pleit
vir al die heiliges. 19 Bid ook vir my sodat, wanneer ek my mond oopmaak,
die gepaste woord vir my gegee mag word, om met vrymoedigheid die
geheimenis van die evangelie bekend te maak – 20 hiervoor is ek 'n gesant
in kettings – sodat ek vrymoedig daaroor kan praat soos ek moet.

# Net 'n Gedagte

***Grysheid is ’n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid.***

***~ Spreuke 16:31 (Ou vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
*Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)*
*Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)*
*Attes Skriba:*
*Koster: Flip Kotze (083 388 0249)*
*Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)*
*Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)*
*Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)*
*Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)*
*Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)*

**Facebook:** https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341
***Epos:*** *gkwelkom@telkomsa.net*
***Webbladsy:*** *www.gkwnoord.weebly.com*



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***28 'n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n***
***kwaadstoker skei vriende van mekaar.***
***29 'n Man van geweld verlei sy naaste en lei hom***
***op 'n weg wat nie goed is nie.***
***30 Hy wat sy oë toemaak om valsheid te bedink,***
***wat sy lippe vasknyp, het die kwaad alreeds***
***gedoen.***

***~ Spreuke 16:28-30 (Ou vertaling) ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA